T VAN WYK.

Wenke aan Ekspedisielede.

1. Kamera: u word aangeraai om die olie op u kamera te laat verwyder en lae temperatuur olie te laat aanbring. ŉ Ultra-violet filter is absoluut noodsaaklik vir kleur fotografie

2. U word aangeraai om ŉ leerband aan u armhorlosie te hê sodat die metaal nie aan die vel kan raak nie.

3. Dit is wenslik om alle metaaloppervlaktes b.v. van ŉ cine-kamera, bril met metaaldele ens. wat aan die vel kan raak met ŉ isoleer-middel te bedek. (elastoplast is ŉ goeie materiaal)

4. U moet u eie kamera, films en chemikalieë vir ontwikkeling en fiksering verskaf asook afdrukpapier.

5. Die gewig van bagasie op die boot is onbeperk. Die kajuit is baie klein en u sal alleen ŉ minimale hoeveelheid bagasie by u kan hou. Ekstra bagasie moet in ŉ sterk houer gepak word sodat dit in die ruim gepak kan word.

6. ŉ Lys van klere wat aan u verskaf word, word aangeheg. Moontlik wil u ekstra onderklere en sokkies saamneem.

7. Passasiers sal daarop let dat hulle net van beskermende klere voorsien word en ander items self moet verskaf.

8. Dit is wenslik om „earmuffs" (soortgelyk aan u skrumpet) te hê; dikwels kry ŉ mens se ore kouer as die res van die gesig.

9. Skeergoed word nie voorsien nie.

10. U word aangeraai om ŉ pols-gewigsband van sagte wol te hê (die been van ŉ ou sokkie is uitstekend). Die polste is die oppervlaktes wat gou die koue voel.

11. U word versoek om ŉ uitrusting van goeie siviele klere te hê vir die geleentheid van ons vetrek na asook die aankoms vanaf Antarktika.

12. Ekspedisielede sal natuurlik vanself al netjies gekleed wees tydens die funksie op 27 November in Kaapstad.

13. Kleinighede wat sal help om ledige minute (ook dié van u mede ekspedisie lede) op ŉ interressante manier deur te bring is altyd baie welkom.

14. Op midwintersdag hou ons fees. Miskien wil u familie vir u ŉ koek of geskenkie saamstuur as ŉ verrassing.

15. U word aangeraai om ŉ draagbare slypstentjie te hê om u messe skerp te maak.

J. J. Taljaard

n/s DIREKTEUR. Weerburo,